Sing vooraf: Psalm 68:8 (p. 333)

8 Gods eng'lemagte bo die swerk / het, tien en tien maal duisend sterk, / slagvaardig uitgeswewe;
by hulle is sy majesteit / 'n Sinaï in heiligheid, / deur bliksemlig omgewe.
U het omhoog gevaar vol eer; / die kerker was u buit, o HEER, / en gawes u beloning
wat neerdaal op die mensekind; / selfs wie opstandig is, dié vind / by U, o HEER, 'n woning.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 145:10, 11, 12 (p. 697)

10 Die Heer is reg in al sy weg en werk, / sy goedheid ken, die wêreld deur, geen perk.
Hy is naby die siel wat tot Hom sug, / Hy troos die hart wat skreiend tot Hom vlug.

11 Hy gee die wens van almal wat Hom vrees; / op hul geroep wil Hy 'n redder wees.
Sy hand verdelg die goddelose, maar / dié wat Hom liefhet, sal die HEER bewaar.

12 Maar nou, my siel, waar eindig ooit Gods eer?... / Nog sal ek uitroep: Lof! Lof aan die HEER!
Laat alle vlees vir ewig en altyd / sy Naam verhef so hoog in heerlikheid!

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet antwoord ons met Psalm 16:2 (p. 61)

Wet

Psalm 16:2 (p. 61)

2 Wie hier 'n ander god met gawes eer, / dié sal homself met baie smarte pynig.
Ek sal sy offers uitgiet nóg begeer; / sy afgodsnaam sal nie my mond ontreinig.
My erfdeel is die HEER, my vreugdebeker, / my lot is in sy hand vir ewig seker.

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Skrifberyming 12-2:5 (27:5)

5 Ek geloof aan die gemeenskap / heilige verbintenis / van wie almal saam 'n eenheid,
in hul Heer een liggaam is. Ek geloof die skuldvergewing, / weeropstanding van die vlees,
en 'n lewe◌ in eewge duurte, / as die dood nie meer sal wees.

Skriflesing: 1 Korintiërs 1
Teks: 1 Korintiërs 1:9

God is getrou, deur wie julle geroep is tot die gemeenskap met sy Seun Jesus Christus, onse Here. (1 Korintiërs 1:9 AFR1953)

Ons vier die naweek weer die kruisiging en opstanding van ons Here Jesus Christus.

- Dis 'n gebeurtenis waarin ons die grootste genade van God oor ons herdenk.

- Ons herdenk dat die Seun van God sigbaar in ons wêreld kom lewe het en dat Hy Hom laat kruisig het ter wille van al ons sondes. Hy het op Kruisigingsvrydag die toorn van die Here tot in sy dood vir ons gedra.
- Op die eerste dag van daardie week het Hy as Oorwinnaar oor die sonde en die dood uit die graf uitgegaan omdat Hy in sy Goddelike almag uit die dood opgestaan het.

God het u uitverkies – al het ons in sonde geval. Daarom het Hy vir ons gesterf en ons weer met God versoen, en daarom roep die Heilige Gees ons tot geloof.

- Die effek daarvan is dat ons nou in ons geloofslewe baie aktief en lewendig moet wees.
- Dit is wat dit beteken as hier staan dat ons onder die roeping staan om getrou die Naam van God aan te roep en die gemeenskap met sy Seun Jesus Christus moet beoefen.

1. Ons roeping
2. Die toekoms saam met Jesus Christus

1. Ons roeping

Paulus stel homself bekend as 'n **geroepe apostel van Jesus Christus, deur die wil van God.**

- Hy begin dus sy brief deur duidelik te maak dat hy nie vanself apostel geword het nie.
    - Ons weet almal dis die een ding wat hy glad nie wou wees nie, want daarom het die Here op pad na Damaskus toe vir hom gesê:
      Dis vir jou hard om teen die prikkels te skop.
    - Paulus was dus in verset teen die Here Jesus Christus.

Paulus verwys verder ook na sy roeping, omdat hy weet dat alle gelowiges onthou dat die Here op pad Damaskus toe byna met geweld ingegryp het in sy lewe.

- Die Heilige Gees het Paulus nie maar net oortuig en toe het hy begin glo nie.
- Die Here het self met Paulus gepraat, en almal saam met hom het ook die stem gehoor wat gesê het:
  Saul, Saul, waarom vervolg jy My?
- Paulus het blind uit hierdie ontmoeting uitgestap. Hy het eers weer reggekom nadat Annanias by hom was, waarna hy toe gedoop is.

Dit is met verwysing na hierdie roeping van Paulus dat hy daarby skryf: **Deur die wil van God.**

- Die wil van God sluit die hele raad van God in, met ander woorde die volle beplanning en werking van die Drie-Enige God.
- Dit sluit die uitverkiesing in, en ook die roeping van elke mens, en ook die verlossing deur die Here Jesus Christus, en ook die inwerking van God die Heilige Gees.
- Dit sluit ook die verantwoordelikheid in waarmee ons die dinge wat God in sy raad aan ons toevertrou, moet bestuur.

Met hierdie bekendstelling van homself, stel die apostel Paulus dus 'n bepaalde hoek waaruit hy wil hê dat die kerk van Korinte – en ons – die hele brief moet lees en verstaan.

- Dit stel terselfdertyd die vertrekpunt vas waaruit hulle na hulleself moet kyk as hulle die brief lees.
    - Want die implikasie van die eerste vers is dat die geroepe apostel skryf aan ander wat ook geroep is.
- Ons gemeente as lesers van hierdie brief moet dus ook van die begin af duidelik verstaan dat ons in Christus geroep is.

- Die bekendstelling in die brief is belangrik omdat dit dadelik vir ons 'n beskrywing gee van wie ons self is, want ons is geroepenes (= kerk) presies soos wat die Korintiërs dit was.
- *Ons moet ook begryp dat ons roeping volgens die wil van God is – want daarin lê die implikasie dat God nou bepaalde verpligtinge op ons as geroepenes lê en ook bepaalde verwagtinge van ons het.*
- *Ons het dus aanwysbare verantwoordelikhede wat ons moet nakom!*
- Ons het ten opsigte van elke gebod van die Here 'n verantwoordelikheid om dit op 'n bepaalde manier te gehoorsaam.

Luister net weer hoe die Here ons in hierdie brief aanspreek: Ons word in ons verantwoordelikheid aangespreek. Daar staan:

Aan die gemeente van God wat in Korinte (Bellville!) is.

Maar dis nie al wat daar staan nie. Daar staan nog dinge by wat die mense uit wie die kerk bestaan, fyner beskryf:

- **Aan die heiliges in Christus Jesus**
- **Die geroepe heiliges**
- **Saam met almal wat die Naam van ons Here Jesus in elke plek aanroep**

Dan volg daar nog weer die beklemtoning dat die Here sowel *hulle* Here is as *ons* Here.

- Die Here is dus alomteenwoordig en alle gelowiges behoort in hulle eenheid aan die Here.
- Onthou nou, 'n kerk is nie die gebou nie. Dis die mense wat in Christus glo wat daar saamkom.

U sien dat die heiligheid van die gelowiges baie baie sterk beklemtoon word.

- In al twee die sinne waar die heiligheid van die gelowiges genoem word, is dit duidelik dat die heiligheid iets is wat hulle nie uit hulleself het nie.
- Dis iets wat van "buite" af aan hulle gegee en in hulle bewerk word.
- Ons roeping om te glo, kom dus van die Here af.

2. Die toekoms saam met Jesus Christus

Ons is heilig in Christus Jesus die Here.

- Die wat almal heilig is, sien natuurlik op die hele kerk – dit verwys nie net na die kerk in Korinte nie.
- Ons bely dit met die woorde "die heilige algemene Christelike kerk".
- Die feit dat die hele kerk heiliges genoem word, toon vir ons die eenheid in die kerk aan. Ons is almal van een soort – heiliges.

Kyk net vir 'n oomblik na wat die woord *heilig* presies beteken.

- Om mee te begin kan ons sê dat dit 'n woord is wat die verhouding tussen 'n sekere groep mense tot die Here uitdruk.
- Verder beteken die woord heilig dat jy geskei is van die sonde en alles wat sleg is.
- Dit beteken ook mense wat afgesonder is van ander mense, soos wat Israel as verbondsvolk afgesonder is van die heidenvolke: Israel was heilig en die ander volke nie.
- Heilig beteken ook dat jy deel kry aan goddelike heiligheid.

Heilige mense is dus nie sondelose mense nie, maar mense wat deur God eenkant gesit is, en dan deur Hom heilig gemaak word.

- Hierdie mense moet elke dag die sonde van hulle af wegstoot, en hulle moet probeer om met al hulle kragte te lewe soos wat God dit van hulle vereis.

- Ons kan verder sê dat die woord *heiliges* 'n bepaalde opdrag in homself het, naamlik dat die mense wat almal heilig is, 'n streng Christelike lewe moet lei.
- Heiligheid kom net voor waar die gelowiges in 'n voortdurende proses van innerlike verandering (bekering) en heiligwording in Christus is.

Die Here openbaar baie duidelik dat heilige mense se heiligheid nie uit hulleself ontstaan nie; daarom staan hier ook by **in Christus Jesus**.

- In hulleself het hulle nie die kwaliteit van heiligheid nie, maar die Here maak hulle heilig deur sy Seun Jesus Christus.
- Nou kry *heilig* nog 'n betekenis, naamlik dat dit die mense beskryf wat in die toekoms, wanneer die Here Jesus Christus op die wolke kom, in sy koninkryk gaan wees.
- Heiliges is mense wat dus 'n bepaalde heilsverwagting of verlossingsverwagting in Christus het.

Dit is waarom Paulus in daardie vers praat van *Christus Jesus* (die omgekeerde volgorde) en nie *Jesus Christus* nie.

- **Christus** beteken **Gesalfde**, maar dit is 'n woord wat God in aksie beskryf terwyl Hy ons verlos.
- Omdat die Here hier sy amptelike verlossingswerk beklemtoon, staan die woord voorop. Daarna kom die naam **Jesus** wat sê dat God sy verlossingswerk uitgevoer het deur sy Seun Jesus.

Kyk nou wat het Paulus gedoen:

- Eers het hy homself aangekondig as 'n apostel wat deur die Here Jesus geroep is.
- Toe kondig hy die kerk (die gelowiges) aan as heiliges wat deur Jesus geroep is.
- Roeping beteken dus hier dat al twee – Paulus en die kerk van Korinte – is wat Jesus Christus hulle gemaak het!

Dit staan dan ook presies so in vers 4:

. . . die genade van God wat aan julle in Christus Jesus gegee is.

Die gelowiges het dus gemeenskap met die gawes wat deur Jesus Christus verwerf is.

Ons ontvang ook nie hierdie genadegawes bietjies-bietjies nie.

- Hier staan dat ons **ryk gemaak** is in Christus in elke woord en in kennis.
- Hierdie genadegawes is almal deur die Heilige Gees bewerk.

Korinte was 'n baie ryk stad. Die gelowiges daar het toe verstaan dat die Here bedoel dat hulle geestelike rykdom ontvang het, soos wat daar oorvloed van rykdom in hulle stad is.

Gelowiges het 'n verwagting.

- Hulle leef met die verwagting dat die Here weer kom.
- Nou moet ons besef dat dit vir die Korintiërs gesê word wat baie lelike sondes bedryf het.
- Hierdie Korintiërs se naam staan daar vir ons almal.
    - Ons is almal gruwelike sondaars, maar ons leef altyddeur 'n bekeringslewe waarin ons uitsien na die wederkoms van die Here Jesus Christus.

Nou kan ons dadelik wonder of mens dit kan regkry. Die antwoord is: Ja.

- Hier staan God se belofte baie duidelik vir u: God sal julle die krag gee om vas te staan.
- Nie net nou en dan nie – elke dag tot die einde toe.
- Hy gee jou die krag sodat as die Here die dag kom, jy nog steeds glo, en die wederkoms verwag.

Mag ons hieraan twyfel? Nee! God is getrou.

- Die bewys is al die feit dat Hy ons geroep het.
- Die feit dat Hy ons toe deur die Heilige Gees in die geloof ook ingelyf het, en bo alles, dat Jesus Christus vir ons gesterf het.

Daarom noem die Here ons in hierdie gedeelte geroepe heiliges.

- Daarmee openbaar Hy aan ons dat Hy reeds aan ons 'n toekoms gegee het in Christus.
- Hierdie toekoms gaan bo die grense van sonde uit.
- Dit is 'n toekoms waarin ons deur Jesus Christus verheerlik sal word, en waarin ons by die Here sal wees tot in ewigheid.
- Dis waarom Hy ons heilig noem.

Maar, en dis belangrik, God gee aan ons 'n opdrag:

- Ons moet gemeenskap met sy Seun Jesus Christus beoefen.
- Ons moet elke dag op volle sterkte bly in ons aanbidding.
- Ons mag nie verslap om kerk toe te gaan nie.
- Ons mag nie verslap in ons gebede en in ons Bybellees nie.
- Ons moet elke oomblik God se teenwoordigheid rondom ons en oorbelewe.

God is getrou, en in sy getrouheid het Hy ons geroep en geheilig.

Ons herdenk in hierdie tyd weer dat die Here al sy beloftes van verlossing waar gemaak het toe die Here Jesus aan die kruis gesterf het en uit die dood opgestaan het.

- Laat ons in hierdie tyd onsself daaraan herinner dat ons as beelddraers van die Here Jesus Christus dieselfde getrouheid en gehoorsaamheid as Hy moet openbaar.
- Ons kan, want Hy laat ons deel in sy verlossing.

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 10-2 (28B)

Ons Vader wat woon in die hemel, / geheilig sy u Naam,
laat u ryk kom, u wil geskied, / soos in die hemel so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons dag se brood / en vergeef ons al ons skulde, net soos ons vergewe
die wat teen ons sondig. / Laat kom ons nie in die versoeking;
maar verlos ons van die Bose. / Van U is die ryk en die sterkte en die ere,
vir ewig en ewig, amen / vir ewig en ewig, amen.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.
Amen.

Dr MJ du Plessis
GereformeerdeKerk Bellville
Datum: 23 Maart 2008